# Boeke

**BOEKRESENSIE: *BOTHA, M & VAN ASWEGEN, A (1992). BEELDE VAN SUID-AFRIKA: 'N ALTERNATIEWE ROLPRENTOPLEWING*, PRETORIA: RGN.**

Persone wat die SAKOMM-kongres in September 1990 in Pretoria bygewoon het, sal moontlik nog Botha en Van Aswegen se gesamentlike referaat oor "alternatiewe" Suid-Afrikaanse rolprente onthou. Enkele artikels het later ook in uitgawes van *Communicatio* (1991) verskyn. Hulle indrukwekkende navorsingsprojek is nou in 'n uiters keurige boekpublikasie (kompleet met veelseggende swart-wit- en kleurfoto's uit rolprentproduksies) bestendig.

'n Mens het die grootste waardering vir die outeurs se kompilasiewerk, historiese uiteensetting en *eklektiese* benadering. As publikasie is dit nie net waardevol vir studente en navorsers nie, maar die styl is só toeganklik dat enige belangstellende dit boeiende leesstof sal vind. Wat studerendes betref: dis nie net beeldkommunikasiestudente wat hierdie boek goed sal kan gebruik nie, maar ook mense wat letterkunde en literatuurwetenskap bestudeer. Daar word in Suid-Afrika so bedroewend min oor mediateorie gepubliseer – en dis juis oor dié kwessie wat vele jonge mense deesdae wil tesisse skryf.

Dit is goed dat die outeurs, ten aanvang, hul probleemstelling met ter sake kritiek op die hoofstroombeleid uiteensit. Daar is 'n deeglike akademiese exposé van die koeitjies-en-kalfies wat in die hoofstroom (à la die strooisage) genaturaliseer is. (As 'n bietjie puntenerigheid my vergun sal word ... Die outeurs praat deurgaans van "seepkisopera" wat myns insiens 'n lelike – én onakkurate – omstelling van "soap opera" is: dié subgenre het sy benaming immers geërf van vroeër jare se radiostories wat deur seepvervaardigers geborg is. "Seepkis" impliseer die spontane en geïmproviseerde toesprake van amateur-orators). Aspekte soos stereotipering; die algehele afwesigheid van sosio-politieke kwessies; die feit dat die sestigerjare se noodtoestande nooit gereflekteer is nie, ensomeer, word netjies teen die lig gehou. Die gemoedelike *lokale realisme* van radioteksverwerkings word ook onder die loep geneem. Omdat dit heel saaklik aangebied word, sal dit vele lesers tot nadenke stem.

Die owerheid se vreemdsoortige subsidiestelsel – 'n pragtige demonstrasie van Althusser-hulle se beweringe oor die werkinge van ISA's! – wat aanleiding gegee het tot oppervlakkige rolprente met beduidende ideologieë, word ook deeglik behandel. Die 2-19 ouderdomsbeperking op *The Stick* sorg hier natuurlik vir 'n ironiese "kanttekening".

Die outeurs laat hulle in hoë mate deur die navorsing van (veral) Fourie, Tomaselli en Van Zyl lei. Dit is sekerlik in orde, maar die leser sou tog plek-plek wou sien, veral soos hy/sy deur die boek vorder, dat die bronne nie altyd goedkeurend en instemmend aangehaal word nie. Verdien die stellige Tomaselli dit nie dat daar soms ernstig met hom geredekawel moet word nie?

'n Effense leemte – alhoewel daar 'n kursoriese poging is om dit reg te stel – is die feit dat daar nie uitvoeriger na TV-produksies van die SAUK verwys word nie. Die korporasie naturaliseer beslis sy eie ideologie(ë), maar daar was gewis in die jare sewentig en tagtig verskeie dramaproduksies (hoofsaaklik in Afrikaans) wat veral hoof-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

stroom-rolprente in die skadu gestel het. Die TV-diens se "goue" beginjare (ook betreffende die oorklanking van Europese produksies) was beslis 'n hoogs "alternatiewe" periode. Dié invloed was (is?) uiters beduidend.

Wat die hele kwessie van "alternatiwiteit" betref, sou die leser ook graag duideliker omskrywings of definisies wou lees, aangesien dit (veral in die Suid-Afrikaanse konteks) nogal 'n hoogs emosionele begrip is. Dit blyk wel gaandeweg dat die outeurs polities links-van-die-middel bedoel, maar alternatief kan ook gewoon "anders" beteken. En dan het "alternatiwiteit" partykeer ook die hebbelikheid om hoofstroom toe te beweeg: die "klassieke" kultusrolprent **Mapantsula** het, byvoorbeeld, sedert die verskyning van dié boek op Ster-Kinekor se kringloop begin verskyn! 'n Mens sou jou ook kon afvra of die "alternatiewe" rolprentvervaardigers se sentimente nie ook maar 'n nuwe of andersoortige vorm van voorskriftelikheid is nie. *Cultural Studies* het ons immers bedag gemaak op kwessies soos interpellasie. Bensusan se stellings (p 31) deug natuurlik ook nie: onbevange voorstellings is onmoontlik, aangesien enkodering **nooit** objektief kan wees nie.

In 'n boeiende afdeling word raakpunte met Third Cinema, Latyns-Amerika, Noord-Afrika, Indië, ensomeer, as perspektief op die plaaslike bedryf aangebied. Dit is goed dat Botha en Van Aswegen so 'n aanknopingspunt beskrywe. Ek is egter nie daarvan oortuig dat kodes soos lang "ongeredigeerde" skote, wye skote, stiltes en herhaling uit Derde Wêreldse innovasies ontwikkel het nie. Die politisering van die rolprentkuns, is eweseer, nie 'n insig wat dié resensent eers ná die besigtiging van alternatiewe rolprente verwerf het nie. Die *nouvelle vague*-beweging, en dan spesifiek sekere werke van die dissidente Marguerite Duras, kon dalk 'n wegbereider gewees het (?). In die hele kulturele diskoers hoop 'n mens dat "Eurosentrisme" nie sy onverdiende stigma bly behou nie.

Die ontledings in Hoofstuk 5 dra in hoë mate by tot die bruikbaarheid van die boek. Alhoewel die ideologie-model vooropgestel word, is die algemene benadering tog ook eklekties genoeg om dit 'n waardevolle handleiding te maak.

'n Mens het waardering vir die outeurs se siening dat rolprente onmisbare tydsdokumente is. Enkele van hierdie "tydsdokumente" het reeds hul "backroom"-voorland afgeskud en welverdiende sigbaarstelling (op TV en in rolprentteaters) gekry. Dié boek het bes moontlik daartoe bygedra.

Om saam te vat: die dokumentasie, katalogisering en oorreding maak dit 'n baie besonderse publikasie. Die feit dat dit meningsverskille kan ontlok, is sekerlik 'n verdere aanbeveling.

('n Vertaling in Engels, *Images of South Africa: the rise of the alternative film*, is ook deur die RGN gedruk).

**STEPHAN BOUWER**

## BOEKAANKONDIGING:

MOVIES – MOGULS – MAVERICKS: South African Cinema 1979-1991, Johan Blignaut en Martin Botha as samestellers, het pas verskyn. Die uitgewers is Showdata, Posbus 15756, Vlaeberg 8018. Dié boek sal in die volgende uitgawe van COMMUNICARE geresenseer word.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

## BOEKRESENSIE: MIRABITO, MM & MORGENSTERN, BL (1990). *THE NEW COMMUNICATIONS TECHNOLOGIES*. BOSTON: FOCAL PRESS

Gedurende die afgelope jare het daar 'n groot hoeveelheid handboeke oor die sogenaamd *kommunikasie-rewolusie* verskyn – waarvan sommiges realisties was en ander nie. Daar is byvoorbeeld voorspellings gemaak dat videofone in die afsienbare toekoms algemeen in gebruik sou wees; dat die meeste woonhuise met kabeltelevisie toegerus sou wees en dat satelliete 'n wêreldwye kommunikasiesisteem 'n werklikheid sou maak. Alhoewel sommige van hierdie voorspellings (soos die videofone) nog nie vir die gewone man op die straat gematerialiseer het nie, is daar wel baie voorspellings wat bewaarheid is.

Al die tegnologiese ontwikkelinge het egter wydverspreide implikasies vir die samelewing, aangesien die informasie-ontploffing tot 'n groot aantal sosiale, etiese en ekonomiese vraagstukke (wat aangespreek behoort te word) aanleiding gee.

'n Bespreking van sodanige implikasies is meermale 'n leemte in publikasies wat oor hierdie aangeleenthede handel en beperk sodoende die bruikbaarheid daarvan op 'n akademiese vlak. Die boek wat hier onder bespreking is, vaar heelwat beter op hierdie gebied, aangesien elke hoofstuk die volgende bied: Eerstens 'n tegniese oorsig oor die betrokke tegnologie, daarna 'n verduideliking oor die gebruik daarvan en laastens die implikasies van die gebruik daarvan op die samelewing.

As gevolg van die informasie-oorlading waarmee ons in die daaglikse lewe te kampe het, word die ontwikkeling van informasie- en kennis-herwinningsisteme al hoe belangriker. In hoofstuk 10 word een van die mees belowende sodanige sisteme bespreek wat *hiperteks* genoem word en wat op 'n nie-lineêre wyse funksioneer. Informasie word herwin en gebruik op baie dieselfde wyse as wat die menslike denkproses funksioneer. 'n Sisteem van sleutelwoorde stel die gebruiker in staat om informasie met betrekking tot totaal verskillende onderwerpe te herwin. Assosiasies tussen verskillende velde word moontlik gemaak en 'n *elektroniese gedagtegang* word gevorm wat in staat is om te organiseer en verbande tussen onderwerpe wat voorheen glad nie verbind was nie, te trek. Hierdie hipertekssisteem is dan ook uiters geskik om juis die veld van die kommunikasie-rewolusie te ondersoek, aangesien 'n gegewe tegnologie 'n reeks verbindinge met ander tegnologieë, velde en konsepte mag hê wat ook verstaan behoort te word. Hierdie stelsel volg werklik 'n sisteembenadering.

Al die nuwe tegnologieë word hoofstukgewys behandel. Onderwerpe wat ter sprake kom, is onder andere:

- Die tegniese beginsels van die moderne tegnologieë
- Rekenaar-tegnologie en gebruike vir lessenaarpublisering, asook vir die televisie- en radio-industrieë
- Teleteks elektroniese publikasies
- Interaktiewe tweerigting kommunikasie- en informasiesisteme
- Telekonferensies
- Satelliete
- Veseloptika
- Toekomstige ontwikkelinge soos hoë-definisie-televisie, holografie, ensovoorts.

Aandag word ook aan Europese ontwikkelinge geskenk en daar word nie slegs op Amerikaanse ontwikkelinge gefokus nie.

Ten spyte van die snelveranderende aard van die veld waaroor hierdie boek



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

handel, het die outeur tog daarin geslaag om 'n werk daar te stel wat met vrug deur sowel voor- as nagraadse studente op verskillende terreine soos massakommunikasie en organisasiekommunikasie gebruik sal kan word. Die woordelys aan die einde van elke hoofstuk kom ook handig te pas. Verder kan die boek aanbeveel word vir individue of organisasies wat nuwe tegnologieë wil aankoop en daarom op hoogte met die nuutste ontwikkelinge wil kom.

*LINDA VENTER*

## BOOK ANNOUNCEMENT: *DE BEER A S (ED) (1993). MASS MEDIA FOR THE 90s*. PRETORIA: VAN SCHAIK

This is the first comprehensive textbook to cover all the major aspects of mass communication from a South African perspective in one volume. For decades lecturers, students, media people and others interested in this field had to rely on foreign textbooks.

Each chapter deals shortly with the international background and modern trends relating to the different aspects of mass communication, but then turns to the local scene – with in-depth analysis, as well as up-to-date graphs and tables, photographs, source lists for further reading, and an extensive index. The topics are discussed as follows:

- The first section deals with the role of the mass media in society in general, and Africa in particular.
- In the second section the basic forms of mass media are covered, ranging from books, newspapers, magazines, radio, film and television, to sound recording. Not only is each of these fields placed in a historical framework, but discussions of modern-day trends and structures in some of these fields are published here for the first time in South Africa.
- In the third section some of the major and contentious issues – media law, media ethics, and media research – which concern those seriously involved in the field of mass communication – are discussed. Two chapters deal specifically with modern day mass communication fields: advertising and public relations. Furthermore, career and training opportunities are discussed, and the text closes with a look at future trends in mass communication.

Dr Ray E Hiebert of the University of Maryland in the USA, and co-author of the well-known American textbook *Mass Media*, wrote the foreword.

The editor and a team of experts in the different fields of mass communication blended years of practical, teaching and research experience to produce a truly unique and timely book. It is published in a user-friendly format at an affordable price when compared to imported books.

*LINDA VENTER*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).